higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
(Eerste Vraestel)
**NKR VLAK 2**

(4101042)

**8 November 2019 (X-Vraestel)**
**09:00–11:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

**TYD: 2 UUR**
**PUNTE: 140**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip – Tydskrifartikel
   AFDELING B: Opsomming – Tydskrifartikel
   AFDELING C: Lees en kyk – Tabelle, simbole en advertensie
   AFDELING D: Taal-in-praktyk en taalversorging – Tydskrifartikel en advertensie
   AFDELING E: Kommunikasie in praktyk – Strokiesprent

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Laat 'n reël oop tussen antwoorde.

6. Begin elke afdeling se antwoorde op 'n NUWE bladsy.

7. Let op die puntetoekenning by elke vraag.

8. Beplan jou tyd.

9. Trek 'n duidelike streep deur rofwerk wat nie nagesien moet word nie. Waar jy dit nie doen nie, sal jou eerste poging nagesien word.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die onderstaande internetartikel aandagtig deur en beantwoord die vrae.

# VLUGTIGE SOKKER IN LANDBOU INGESPAN

**Andries Gouws, AgriOrbit**




[Foto: www.safa.net]

'n Heel nuwe soort sokker gaan in Limpopo ingespan word om verhoudings op plase te verbeter, nuwe hoop vir plaaswerkers en die jeug te skep, hul lewensvaardighede te ontwikkel en nuwe spelers met talent vir Suid-Afrikaanse sokker op plase en op die platteland te identifiseer.

Die unieke inisiatief het op 13 Februarie afgeskop toe boere van Limpopo en die Mark Fish-stigting saamgespan het om die Game of Stars-projek van stapel te stuur. 'n Groot groep belanghebbendes in die landbougemeenskap het saamgewerk.

Willem van Jaarsveld, hoofbestuurder van Agri-Limpopo het tydens die bekendstelling van die projek gesê 'n aanvanklike opname onder boere in die streek het gewys dat daar minstens 80 bestaande sokkerspanne op plase is en dat dit glad nie onmoontlik is dat die getal kan verdubbel voordat die finale rondtes van dié kompetisie in Augustus 2018 gespeel word nie. Volgens Mark Fish, 'n Suid-Afrikaanse sokkerspeler wat internasionaal bekend is, sal die kompetisie bekend staan as 'Fast Footies', oftewel Vlugtige Voete.

Die spanne sal net 20 minute aan 'n kant speel en die onderskeie kapteins kan periodes van vyf minute se kragspel aanvra. Tydens die kragspel moet die span se teenstanders drie van die span se spelers van die veld haal. Geslaagde doelskoppe van buite die 18 meter-sirkel sal as twee doele tel en met strafskoppe sal daar geen doelwagter in die doelhok wees nie. Die skop sal net as 'n doel tel as die dwarsbalk van die doelhok met die bal raakgeskop word.

Mark sê die oogmerk met die sokker is om spelers beter te leer speel. Afrigters, skeidsregters, spanbestuurders en spelers op die platteland sal opgelei word. 'Elke mens verdien die geleentheid om in die beste mens moontlik te ontwikkel. Dit is ons doelwit,' sê hy.

[Verwerk: *uit https://agriorbit.com/limpopo-vlugvoetige-sokker-landbou-ingespan/]*

Kopiereg voorbehou

1.1 Wie is die skrywer van hierdie artikel? (1)

1.2 Na watter provinsie word in hierdie artikel verwys? (1)

1.3 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3) in die ANTWOORDBOEK neer. Motiveer jou antwoord deur 'n woord uit die teks aan te haal.

Hierdie projek is 'n poging om sokkerspanne in Suid-Afrikaanse stede te ontwikkel. (3)

1.4 Watter TWEE groepe het saamgespan om die Game of Stars-projek te begin? (2)

1.5 Wie is die hoofbestuurder van Agri-Limpopo? (1)

1.6 Hoeveel sokkerspanne is tydens die aanvanklike opname getel? (1)

1.7 Noem enige TWEE groepe belanghebbendes in die landbou. (2)

1.8 In watter media het die sokkerfoto by die opskrif, verskyn? (1)

1.9 Wanneer is die finale rondtes van hierdie kompetisie gespeel? (1)

1.10 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.10) in die ANTWOORDBOEK neer. Motiveer jou antwoord deur EEN woord uit die teks aan te haal.

Mark Fish is wêreldwyd bekend. (3)

1.11 Wat is die Afrikaanse naam vir 'Fast Footies'? (1)

1.12 Hierdie sokkerkompetisie is 'n samevoeging van twee ander sportsoorte en kompetisies. Noem hierdie TWEE sportsoorte. (2)

1.13 Hoeveel minute gaan elke span aan 'n kant speel? (1)

1.14 Wat gebeur tydens die vyf minute kragspel? (3)

1.15 Sal daar tydens strafskoppe 'n doelwagter in die doelhok wees? Skryf net 'JA' of 'NEE' in die ANTWOORDBOEK neer. (1)

1.16 Hoeveel tel 'n doelskop wat van buite die 18 m sirkel geskop word? (1)

1.17 Wat is die organiseerders se doelwit met die spel? (2)

1.18 Noem DRIE groepe persone wat opgelei moet word om van hierdie sokkerkompetisie 'n sukses te maak. (3)

**[30]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die onderstaande artikel aandagtig deur en maak dan 'n opsomming daarvan deur die volgende INSTRUKSIES te volg:

- Skryf VYF wenke neer om jou veiligheid tydens 'n ramp te verseker.
- Skryf elke wenk as die hoofgedagte in 'n goeie VOLSIN neer.
- Skryf jou sinne ONDER MEKAAR en puntsgewys van nommer 1 tot 5 neer.
- Laat 'n REËL OOP tussen sinne.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die GETAL WOORDE aan die einde van die opsomming aan.

## TREE VINNIG OP GEDURENDE 'N RAMP

Wanneer daar 'n brand is:
Bly na aan die vloer en beweeg vinnig na die naaste uitgang. Hoekom? Rook maak dit moeilik om te sien, en wanneer mense tydens 'n brand sterf, is dit gewoonlik omdat hulle rook ingeasem het. Moenie teruggaan om jou persoonlike besittings te gaan haal nie. 'n Paar sekondes kan die verskil tussen lewe en dood beteken.

Wanneer daar 'n aardbewing is:
Skuil onder stewige meubels of langs 'n binnemuur. Kom so gou as moontlik buite en weg van geboue, want soms is volg daar kleiner skokke. Opgeleide reddingswerkers mag dalk eers ure later opdaag. Probeer dus om ander mense te red.

Wanneer daar 'n tsoenami is:
As die see skielik van die strand af terugtrek, moet jy *vinnig* by hoër grond uitkom. Die golwe wat terugkom, sal vinniger en groter wees.

Wanneer daar 'n tornado of orkaan is:
Gaan dadelik na 'n veilige plek, soos 'n ondergrondse verdieping.

Wanneer daar 'n vloed is:
Bly weg van geboue wat oorstroom is. Moenie deur vloedwater loop of daardeur ry nie. Daar kan riool en versteekte gevare in vloedwater wees, soos goed wat ronddryf, oop inspeksiegate en kragdrade.

[Verwerk uit: *https://wol.jw.org/af/wol/d/r52/lp-af/102017165?q=water&p=par*] **[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: LEES EN KYK**

**VRAAG 3: SIMBOLE SE BETEKENIS**

Bestudeer die onderstaande SIMBOLE en beantwoord dan die vrae.

| | |
|---|---|
| A  | B  |
| C   | D  |
| E  | F  |
| G  | H  |

[Verwerk uit: *www.abcteach.com/documents/clip-art-sign*]

3.1 Watter simbool dui op herwinning? Watter kleur sal so 'n teken wees? (2)

3.2 Watter simbool wys jou dat kleedkamers vir dames en mans beskikbaar is? (1)

3.3 Waarteen waarsku simbool A? (1)

3.4 Watter simbool dui aan dat die plek toeganklik is vir persone in rolstoele en met fisiese gestremdhede? (1)

3.5 Wat beveel die simbool gelys as C? (1)

3.6 Wat beeld simbool E uit? Watter kleur sal so 'n simbool wees? (2)

3.7 Watter teken wys dat daar nie op daardie plek gerook mag word nie? (1)

3.8 Watter geloof word deur die simbool in B uitgebeeld. (1)

**[10]**

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

## VRAAG 4: TABELLE

Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae.

| Provinsie | Totale bevolking: | Aantal Mense wat Elektrisiteit vir Beligting Gebruik | % Mense wat Elektrisiteit vir Beligting Gebruik | Aantal Mense met Toegang tot Kraanwater | % Mense met Toegang tot Kraanwater |
|---|---|---|---|---|---|
| Vrystaat | **2 773 059** | 2 401 469 | 86,6 | 2 703 733 | 97,5 |
| Gauteng | **10 451 713** | **C** | 83,5 | 10 232 227 | 97,9 |
| Noord-Kaap | **1 058 060** | 923 686 | 87,3 | 1 003 041 | 94,8 |
| Oos-Kaap | **6 527 747** | 4 275 674 | 65,5 | 4 595 534 | 70,4 |
| Noord-Wes | **3 271 948** | 2 692 813 | 82,3 | 2 941 481 | 89,9 |
| KwaZulu-Natal | **10 259 230** | 7 335 349 | 71,5 | 8 145 829 | **D** |
| Limpopo | **5 238 286** | 4 243 012 | 81,0 | 4 379 207 | 83,6 |
| Mpumalanga | **3 643 435** | 2 976 686 | 81,7 | 3 345 526 | 91,3 |
| Wes-Kaap | **5 278 585** | 4 993 541 | 94,6 | 5 215 242 | 98,8 |
| SUID-AFRIKA | **48 502 063** | **38 569 410** | **B** | **A** | **87,8** |

[Verwerk uit: *www.google.co.za/search?q=tabelle+kospryse&source*]

4.1 Hoeveel provinsies se statistieke word in hierdie tabel aangedui?

4.2 Hoeveel mense het in die Noord-Kaap toegang tot kraanwater?

4.3 Watter provinsie het die meeste inwoners?

4.4 Watter persentasie mense gebruik elektrisiteit vir beligting in die Wes-Kaap?

4.5 Wat is die verskil in die persentasie inwoners van Limpopo en Mpumalanga wat elektrisiteit vir beligting gebruik?

(5 × 1) **[5]**

## VRAAG 5: SIERADVERTENSIE

Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae.




[Verwerk uit: *www.taalmuseum.co.za*]

5.1 Wat word in hierdie advertensie geadverteer? (1)

5.2 Noem TWEE groepe wat die teikenmark van hierdie advertensie is. (2)

5.3 Noem EEN wyse waarop lesers se aandag na hierdie advertensie getrek word. (1)

5.4 Is hierdie boeke slegs vir baie klein kindertjies bedoel?
Skryf JA of NEE in jou ANTWOORDBOEK neer en motiveer jou antwoord deur EEN woord uit die teks neer te skryf. (2)

5.5 Hoekom dink jy is daar so baie diere in die advertensie? (1)

5.6 Is hierdie boeke slegs in Afrikaans beskikbaar?
Skryf JA of NEE in jou ANTWOORDBOEK neer en motiveer jou antwoord deur woorde uit die advertensie aan te haal. (2)

5.7 Die reeks is op verskillende ouderdomsgroepe gemik.
Noem enige TWEE van hierdie ouderdomsgroepe. (2)

5.8 Noem TWEE soorte boeke wat aangebied word. (2)

5.9 Watter sinsdeel verduidelik vir die leser dat die boeke nie baie duur is nie? (1)

5.10 Wat kan hierdie boekereeks jou kinders help bou? (1)

**[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**

## AFDELING D: TAAL IN PRAKTYK

### VRAAG 6: TYDSKRIFARTIKEL

Voltooi die sinne in KOLOM A hier onder deur die instruksies in KOLOM B uit te voer. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (6.1–6.27) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | KOLOM B | | |
|---|---|---|---|
| **THEODORE JANTJIES** | | | |
| As jy die sakeman en prokureur (6.1 meneer) Xander Meintjies verwag | 6.1 | Gee die afkorting. | (1) |
| wanneer jy jou in Theodore Jantjies vasloop, gaan jy (6.2 veras/verras) | 6.2 | Kies die korrekte spelling. | (1) |
| wees. Met Theodore is die idioom (6.3 'moenie iemand op sy baadjie takseer nie'), beslis van toepassing. | 6.3 | Gee die betekenis van die idioom. | (2) |
| Hy sê reguit hy is 'n (6.4 doodgewone) | 6.4 | Gee die sinoniem. | (1) |
| ou wat die heel (6.5 gemaklikste) in sy tekkies, jeans en T-hemp is. Iemand wat nie skroom om vir die | 6.5 | Gee die antoniem. | (1) |
| (6.6 motorbestuurder) langs hom by die | 6.6 | Gee 'n ander woord vir motorbestuurder. | (1) |
| (6.7 verkeer + lig), die een met die | 6.7 | Maak 'n samestelling. | (1) |
| (6.8 lang gesig), te toet en te waai nie. Dalk kry die persoon dan iets om oor | 6.8 | Wat beteken 'iemand het 'n lang gesig'? | (2) |
| (6.9 ...) glimlag en is Theodore se dag gemaak. Ons ontmoet mekaar pas na Aardklop waar Theodore weer kans gekry het | 6.9 | Voeg die korrekte woord in. | (1) |
| om sy (6.10 lyf) | 6.10 | Gee die meervoudsvorme. | (1) |
| (6.11 verhoogakteur) te hou. Hy is deel | 6.11 | Gee die vroulike vorm. | (1) |
| van die (6.12 rol + beset) van die | 6.12 | Maak 'n samestelling. | (1) |
| uitstekende teaterproduksie (6.13 *Vrou uit die see).* | 6.13 | Hoekom is die woorde skuins gedruk? | (2) |
| Hierdie (6.14 klassieke) teks deur Henrik Ibsen is deur Hugo Taljaard in | 6.14 | Gee die antoniem. | (1) |
| Afrikaans (6.15 vertaal). | 6.15 | Wat noem ons iemand wat vertaalwerk doen? | (1) |
| Dit vertel die (6.16 verhaal) van Ellida | 6.16 | Gee 'n sinoniem. | (1) |
| wat met (6.17 dokter) Wangel getroud is. Op 'n dag daag die | 6.17 | Gee die afkorting. | (1) |
| (6.18 vreemdeling) aan wie sy eens verloof was, onverwags op. Hy is 'n | 6.18 | Gee 'n antoniem. | (1) |
| (6.19 iemand wat op 'n boot werk) en het uiteindelik teruggekeer om die | 6.19 | Gee een woord. | (1) |
| liefde van sy lewe op (6.20...) soek en dan moet Ellida tussen hom en haar | 6.20 | Voeg die korrekte woord in. | (1) |
| man kies. (6.21 In hierdie produksie vertolk Theodore die rol van die vreemdeling.) Vir Theodore was dit 'n | 6.21 | Gee die negatiewe vorm van hierdie sin. | (2) |
| wonderlike (6.22 produksie) en hy is | 6.22 | Gee die meervoudsvorm. | (1) |
| (6.23 dankbaar) dat dit ook nog na twee ander feeste, 2017 se Woordfees en die KKNK, sal gaan. | 6.23 | Gee die teenoorgestelde. | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| (6.24 'Dis regtig fantasties om deel van hierdie projek te wees,' sê Theodore.) Ek hoop die produksie sal ook 'n | 6.24 Skryf die sin in die indirekte vorm oor. | (2) |
| (6.25 lewe) na die KKNK hê. Dit moet | 6.25 Gee die meervoudsvorm. | (1) |
| (6.26 beslis) vir 'n week of twee na 'n | 6.26 Gee 'n sinoniem. | (1) |
| (6.27 groot) teater of selfs oorsee gaan, want dis so 'n mooi werk. | 6.27 Gee die oortreffende vorm. | (1) |

[Verwerk uit: Vrouekeur 11 November 2016]

**[32]**

**VRAAG 7: TAALVERSORGING VAN 'N PROMOSIE-ADVERTENSIE**

Lees die onderstaande advertensie en voer die opdragte uit.

**UPINGTON KANSA**

(7.1 Mense wat woon) moet gou spring om nog in te skryf en te deel in vanjaar se *Relay for life.* Dit is vir 'n goeie doel en beloof om hope pret te verskaf. (7.2 23) spanne het reeds ingeskryf.

Die geleentheid ten bate (7.3 ...) KANSA vind plaas op 16 (7.4 maart) vanaf 18:00 tot 24:00 en word by die sportgronde gehou. Dit is 'n (7.5 geleenheid/geleentheid) waar Upington se hele gemeenskap betrokke kan wees – groot en (7.6 ...), jonk en oud.

Die (7.7 geld wat ingesamel word) sal in Upington en die Kalahari Streek aangewend word.

Kontak (7.8 mevrou) Chantal Farinha by 076 416 7896 vir navrae.

[Verwerk uit: *Die Gemsbok 9 Maart 2018*]

7.1 Gee een woord vir ... 'mense wat woon'

7.2 Skryf die getal in woorde.

7.3 Voeg die korrekte voorsetsel in.

7.4 Korrigeer die spelfout.

7.5 Kies die korrekte spelling.

7.6 Gee die antoniem van groot om die uitdrukking te voltooi.

7.7 Gee een woord vir 'geld wat ingesamel word'.

7.8 Gee die afkorting.

(8 × 1) **[8]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING E: KOMMUNIKASIE IN PRAKTYK

### VRAAG 8: STROKIESPRENT

Bestudeer die onderstaande strokiesprent aandagtig en beantwoord die vrae.




[Die Burger 14 Julie 2016]

8.1 Verskeie opsies is gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (8.1.1–8.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

8.1.1 Tussen die man en die vrou vind ... ... plaas.

A interpersoonlike kommunikasie
B intrapersoonlike kommunikasie
C ekstrapersoonlike kommunikasie
D massakommunikasie

8.1.2 As die vrou met die hond sou praat, is dit 'n voorbeeld van …

A interpersoonlike kommunikasie.
B intrapersoonlike kommunikasie.
C ekstrapersoonlike kommunikasie.
D massakommunikasie.

8.1.3 Die doel van die strokiesprent is om die leser te ...

A oortuig.
B vermaak.
C skok.
D onderrig.

8.1.4 Die stemtoon wat die vrou waarskynlik gebruik, is …

A dankbaar.
B kwaad.
C moeg.
D ernstig.

8.1.5 Die strepe en lyne langs die vrou se hande en arms dui op ...

A vlieë.
B stof.
C spoeg.
D beweging.

(5 × 1) (5)

8.2 Dink jy hierdie man is hardwerkend? Skryf JA of NEE in die ANTWOORDBOEK neer en motiveer jou antwoord. (2)

8.3 Die man se nieverbale kommunikasie (uitdrukking) op sy gesig dui daarop dat hy besig is om te ... (1)

8.4 Watter kanaal (medium) gebruik die vrou om haar boodskap te stuur? (1)

8.5 Noem TWEE van die diere wat in die spotprent voorkom. (2)

8.6 Kies die regte woord uit dié tussen hakies:

Die vrou se gesigsuitdrukking is 'n voorbeeld van (verbale/nieverbale) kommunikasie. (1)

8.7 Hoekom is daar 'n uitroepteken in die vrou se praatwolkie? (1)

8.8 Kyk na die muis in die onderste linkerhoek. Die muis sê: 'Hom met 'n aap vergelyk! Genade, 'n aap het darem ook sy trots!' Wat bedoel die muis? (2)

8.9 In watter publikasie en op watter datum is hierdie spotprent gepubliseer? (2)

8.10 Kies die regte item uit dié tussen hakies:

Die koerant waaruit die strokiesprent geknip is, is 'n voorbeeld van (massakommunikasie/intrapersoonlike kommunikasie). (1)

**[18]**

## VRAAG 9: KOMMUNIKASIE PROSES

9.1 Illustreer die kommunikasieproses met behulp van 'n eenvoudige skets. Dui die elemente van kommunikasie duidelik aan. (5)

9.2 Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing of voorbeeld in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommer (9.2.1–9.2.7) in die ANTWOORDBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 9.2.1 | Die dosent vra vir die student hoe die vraestel was. Die student antwoord: 'Cool.' | A | massakommunikasie |
| 9.2.2 | Jy probeer jou werk opsom, maar julle buurman speel sy musiek kliphard. | B | intrapersoonlike kommunikasie |
| 9.2.3 | Twee skoolhoofde van twee verskillende skole gesels met mekaar. | C | terugvoering |
| 9.2.4 | Die kind vra vir sy ma of daar iets is om te eet en sy sê daar is bredie in die pot. | D | horisontale kommunikasie |
| 9.2.5 | Tydskrifte is 'n voorbeeld van ... | E | fisiese hindernis |
| 9.2.6 | Die student wonder hoe hy die nuwe meisie kan beïndruk. | F | sielkundige hindernis |
| 9.2.7 | Net voor die student sy mondelinge aanbieding moet doen, kom hy agter sy selfoon is gesteel. | G | semantiese hindernis |

(7 × 1) (7)

**[12]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**

**GROOTTOTAAL: 140**

Kopiereg voorbehou